NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tamsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

November 2011 **November 2011**

Redaksioneel

Dit is nou die tyd om al die sakies wat hierdie jaar agterweë geraak het ernstig aan te spreek. Daar is nog genoeg tyd oor om 'n hele paar goed klaar te kry.

Sovêr dit die vereniging se sake aangaan lyk dit darem of ons lekker op koers is. Behalwe een vergadering is ons deur al die jaar se maandvergaderings. Nou is dit vir die heel laaste skof van die jaar. Dit gaan ook vir die sub-groepe wat nou ent se kant toe staan.

Ek self het vir omtrent 'n jaar lank gesukkel om met "***Fine Woodworking***" en hul mense reg te kom ten einde 'n handleiding oor "***SketchUp***" te bekom. Die ding is nou onder beheer en ek moet dit nog net onder die knie kry. Dit lyk baie belowend. Vir 'n ou op my ouderdom, en met my rekenaarkennis, is dit egter nogal 'n groot uitdaging om so 'n nuwe stelsel, uit 'n boek uit, baas te raak. Moet sê dat dit tog lekker is om iets nuuts te probeer baasraak. Ek hoop dat hierdie moeite tog op die einde die moeite werd sou wees, en dat ek iets sal kan maak wat so ontwerp is.

Programme for November

- **Saturday, 12 November, at 09 h 00: The Cabinet makers will meet at Paul Roberts' workshop. (Telephone 084 515 2773) The meeting will be on Routed inlays, mitre jointed edging and flush surface edging. The series on jointing will also continue and it is requested that members should bring examples of jointing methods for discussion purposes.**

- **Wednesday, 16 November, at 18 h 00: The turners will meet at Kobus Mostert's workshop. (Tel: 072 171 4005) The homework for this meeting will be any, mainly turned, Christmas decoration.**

- **Wednesday, 30 November, at 18 h 00: Monthly meeting at the Botany Laboratory, University of Pretoria. The theme for the evening will be new trends in kitchen designs by *Roco*. Members are welcome to bring their wives along.**

OKTOBER SE DRAAIERSBY-EENKOMS

Oktober is die mooiste, mooiste maand en die draaiers se byeenkoms die lekkerste, lekkerste vir die maand (met apologie aan A.G. Visser). Met 17 lede en twee besoekers het die Saterdag-byeenkoms by At Smit die belofte van lekker kuier en baie leer (en oefen) ingehou.

Soos gebruiklik het Jack Munting die manne verwelkom en byvoorbaat vir At dankie gesê vir die gebruik van sy werksplek en gereedskap. Omdat dit ŉ Saterdag-byeenkoms was, is daar gewoonlik volop geleentheid vir demonstrasies, self oefen en wenke uitruil. Meer hieroor later.

Vir die 'aids & gadgets'-sessie het Leon Wolmarans ŉ aanbieding gedoen oor laser-gravering. Hy het kontak gemaak met ŉ dame wat graveerwerk op bykans enige tipe materiaal kan aanbring – selfs hout. Dit kan op plat vlakke asook op rondings, soos byvoorbeeld op ŉ pen, gedoen word. Die enigste beperking is die grootte van die objek want die graveerder word met ŉ rekenaar beheer en dit kan slegs op ŉ sekere lengte x- en y-as beweeg. Die pryse wat Leon genoem het vir hierdie tipe werk is besonder laag. Indien jy sou belangstel om van hierdie diens gebruik te maak, kontak Leon vir die dame se besonderhede.

Dan het Jack Munting hulpmiddels gedemonstreer waarmee hy ŉ 'minder suksesvolle' pen uitmekaar kan haal ("dismantle") om die werk oor te doen. Dit bestaan uit ŉ spesiale staalpen en hamer. Vir iemand met sulke hoë standaarde van netjies en presies, kan mens verstaan dat Jack heel dikwels die behoefte sal hê om ŉ pen te verbeter.

Reinald Böhringer weer, het vir ons weggooibare tungsten-lemme gewys wat hy uit die V.S.A. verkry het. Sodra ŉ lem stomp (of stomperig) geword het, word dit met ŉ splinternuwe een vervang. Dit is dus nie nodig om te poog om die lemme weer skerp te maak nie. Skakel met Reinald vir meer inligting oor hierdie tipe lemme.

Die huiswerk vir die maand was **enige versierde draaistuk**. Kyk meegaande foto oor die huiswerkstukke. Weer eens het die manne vriend en vyand verras met hulle oorspronklikheid. Dit het die feit beklemtoon dat daar volop kundigheid en oorspronklikheid in ons geledere is om gereeld met interessante idees vorendag te kom en ook om mekaar hiermee aan te spoor om nuut te dink en innoverend te wees. Die hoof-fokus tydens bespreking van die huiswerkstukke was op hul ONTWERP ('design'). Dit lyk of die idee van klein voetjies vir die bakke en potte begin veld wen.

Johan Labuschagne het 'n voorstel gehad wat by almal byval gevind het. Hy het ŉ tipe loting (ŉ "raffle") vir ons groep in gedagte. Die hoofrede hiervoor is om ŉ fonds op te bou waarmee ŉ biblioteek begin en uitgebrei kan word. Met 'biblioteek' bedoel Johan ŉ versameling boeke, tydskrifte, geskrewe stukke soos resepte en tegnieke, foto's en DSVD's wat alles oor draaiwerk handel. Aangesien dit vir geen van ons lede moontlik is om self al hierdie inligting te versamel en te besit nie, bied dit ŉ bron waar enige draaier vir sulke inligting kan aanklop, ŉ benodigde item kan 'uitneem' en later weer terugbesorg. Om mee te begin kan lede sulke items skenk om in die biblioteek opgeneem te word. Iemand sal ŉ inventaris opstel en alles katalogiseer sodat almal kan weet wat beskikbaar is.

Die bykomende en prettige deel is dat daar dan by elke draaiersbyeenkoms een of meer items sal wees wat uitgeloot word. Vir deelname koop jy ŉ kaartjie en die gelukkige lid stap met die 'prys' weg. Hiervoor word ook skenkings gevra. Dit hoef ook nie noodwendig nuwe goed te wees nie. As voorbeeld het Johan die volgende genoem: stukke draaihout, gereedskap (nuut en oud), iets interessants uit jou werksplek, verskillende soorte skuurpapier ens.

Om die saak aan te voor het Reinald ŉ klompie goed, meesal gereedskap, uit sy werksplek saamgebring en op ŉ tafel te koop aangebied. Elkeen moes self besluit hoeveel ŉ bepaalde stuk wat jy wou hê, vir jou werd is en dan die geld daarvoor in ŉ houer plaas. Aan die einde

van die dag het Reinald ’n mooi bedrag vir Jack gegee om Johan se biblioteek-projek mee af te skop. Groot dank aan Reinald vir sy grootmoedige gebaar.

Na pouse is verskeie demonstrasies gelewer van tegnieke en gereedskap waarmee draai-items versier kan word. Die idee was dan ook om vir almal teenwoordig die geleentheid te gee om self van die tegnieke, onder toesig van die aanbieder, uit te probeer en mee vertroud te raak, veral omdat almal dit reeds op die huiswerkstukke toegepas het maar nou nuwe idees gekry het. Almal het hierin gedeel en ywerig geoefen (kyk meegaande foto’s) en was dit eens dat sulke geleenthede baie nuttig is en meer dikwels moet gebeur. Ons Saterdag-byeenkomste is die geskikste daarvoor.

Verskeie van die huiswerk-items met Willie se muurbehangsel heel links. Die verskeidenheid ten opsigte van vorm en kleur is opvallend. Dit vertoon ook mooi teen die eenvormige agtergrond van At se groen tafeldoek.

Ons volgende byeenkoms is gereël vir **Woensdag 16 November** om 18:00 in die werksplek van **Kobus Mostert**. Sy adres is **Pauline Spruijtstraat 389** in **Garsfontein**. Skakel hom by **012-361-7498** of by **072-171-4005** indien jy sukkel om daar uit te kom. Die **huiswerk** vir daardie aand is enige tipe, hoofsaaklik gedraaide, Kersversiering wat op ’n kaggelmuurtjie kan staan of aan ’n boompie kan hang.

Our next meeting is on *Wednesday 16th November* ***at 18:00 in the workshop of*** *Kobus Mostert****. His address is*** *389 Pauline Spruijt Street* ***in*** *Garsfontein****. Please phone him at*** *012-361-7498* ***or*** *072-171-4005* ***if you have any difficulty in locating his workshop. The*** *homework* ***for that evening is any type of mainly turned, Christmas decoration.***

Anton Louwrens aan die oefen om met ’n graveerder te skryf. Dis belangrik om leesbare inligting onderaan jou draaistuk te skryf. Oefen en weer oefen tot jy dit bemeester is die antwoord, nê Anton?

Leon Wolmarans demonstreer een van 'n reeks snypuntjies wat hy in sy Dremel gemonteer het. Elkeen van die snypuntjies maak 'n eiesoortige, kenmerkende patroontjie op die hout. Leon se 'verwysingsplankie' is 'n baie goeie idee.

Aan die 'harige' arm kan jy sommer maklik vir At Smit uitken, waar hy 'n bak se rand voorberei om versier te word. At kon op dieselfde jakaranda-bak verskeie soorte snyers gebruik om verskillende tipes versiering te demonstreer, om daarna die versiering weg te draai en 'n volgende een aan te bring.

Die natuurlike nuuskierigheid van ons besoekers Mac van der Merwe en Johan de Beer het gesorg dat At sy groot draaibank 'opstart' en wys wat hy alles kan doen. Van die plaaslike manne soos Thys du Plessis, kon toe ook naderstaan en die demonstrasie geniet.

Kennisgewing

Die Algemene Jaarvergadering van die Houtwerkvereniging van Pretoria sal plaasvind op Woensdag 25 Januarie 2012 om 18h00, Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria.

Agenda

1. Opening
2. Presensie
3. Verskonings
4. Notule van vorige vergadering: Aanhangsel tot Tambotie 2-2011 en op webwerf
5. Sake voortspruitend
6. Verslag van die Voorsitter
7. Finansiële verslag: Tesourier
8. Verkiesing van nuwe Bestuurskomitee
9. Jaarprogram
   - Nabetragting van afgelope program in 2011
   - Voorstelle vir nuwe program vir 2012
10. Afsluiting

NOTICE

The Annual General Meeting of Woodworking Association of Pretoria will take place on Wednesday 25 January 2012 at 18 h 00, Botany Department, University of Pretoria.

Agenda

1. Opening
2. Attendance
3. Apologies

4. Minutes of the previous AGM: Appended to ***Tambotie*** 2-2011 and on website
5. Matters arising from the minutes
6. Chairman's report
7. Financial report: Treasurer
8. Election of new Management Committee
9. Activities of the Association
   - Comments on activities during 2011
   - Suggestions for 2012
10. Closure

Vorige maandvergadering

By ons vorige vergadering het eerstens die voorsitter eerstens die Daan Badenhorst- sowel as dieExecutool- trofee aan Ian Minty oorhandig vir die uitstekende staanhorlosie wat hy gemaak het en by ons uitstalling uitgestal het.

Na verskeie administratiewe sakies afgehandel is het ons twee aanbiedings gehad.

Eerstens het Denis Kapeteijn "***Gorilla Glue"***-produkte aan ons bekend gestel. Hierdie is produkte wat mens reeds lankal in tydskrifte soos ***"Fine Woodworking"*** geadverteer gesien het. Hierdie produkte word tans ook na Suid-Afrika ingevoer.

Daar is 'n verskeidenheid "***Gorilla"*** kleefmiddels beskikbaar:

Dit sluit onder andere in, Epoksie, Superglue, Houtlym, ***Gorilla Glue*** en" Duct Tape"

Die houers van die lym is sodanig dat jy dit maklik kan verseël. Die lym is ook redelik doelmatig vervaardig sodat jy die regte produk vir 'n spesifieke taak kan gebruik. (Voorbeelde hiervan is dat sommige impak bestand is. Ook kan redelike hoë temperature weerstaan word. Die ***"Gorilla Glue"*** is verder gemaak om aan bykans alles te heg. Dit is ook 'n baie sterk lym wat vogtigheid-, water- en hitte bestand is.

Die "duct tape" kan maklik geskeur word om die regte lengte te bekom, dog dit is werklik sterk en kleef baie stewig.

Weens die ooglopende voordele wat hierdie produkte inhou het verskeie van ons lede tydens die pouse daarvan aangekoop. (**Dit sal waardeer word indien hierdie lede terugvoer kan gee nadat hulle dit getoets het. Red)**

Hierna het Denis Lock en Bill Parrack, beide van die Oos Randse houtwerkvereniging, 'n aanbieding gedoen oor die gebruik van die bandsaag.

Dit was al gou duidelik dat hierdie twee here oortuig is dat die bandsaag een van die belangrikste gereedskapstukke in 'n werkwinkel is. Wat hulle die aand behandel het was,veiligheid, Instel/onderhouden gebruike.

I believe that all present were convinced that a properly tuned band saw, with the correct blades, fences and jigs, is capable of doing a wide variety of tasks. The re-sawing that was discussed, as well as the explanation as to how the Queen Ann legs are cut, was most interesting.

Advertisement

Gelis Harmse, one of our members, asked for the following advertisement to be placed in the ***Tambotie***. Should you be interested, please contact him directly at 083 626 9002 or 012 548 0785 or gelis.harmse@gmail.com

I have about 0.2 m^3 of Imbuia wood in different lengths from 900 to 1.8 m. If someone is interested contact me for the detail spec.
Regards, Gelis

Kabinetmakers

Die vorige kabinetmakers se byeenkoms het hoofsaaklik gegaan oor slypwerk. Vir hierdie geleentheid was dit Danie Venter wat aan die woord was.

Wat my weer eens by hierdie byeenkoms opgeval het was die feit dat ons lede werklik nie by ordentlike gereedskap kan verbystap sonder om aandag te gee nie. In die meeste gevalle kan hulle ook nie anders as om dit te bekom nie. Met sy ***Tormek*** –slypsteen en 'n wye verskeidenheid setmate (jigs), het Danie baie duidelik die vermoeë om gereedskap deeglik te slyp. Dit moet net eenvoudig 'n groter plesier wees om houtwerk te doen as 'n mens met werklike skerp beitels, skawe (Ook kragskawe) en selfs boorpunte werk.

Danie het met sy demonstrasie duidelik getoon hoe setmate help om slypwerk te vergemaklik, maar ook bydra tot baie goeie slypwerk. Nadat die primêre slypvlak met die ***Tormek*** aangebring is kan die sekondêre snyvlak maklik met 'n slypsteen aangebring word. Vir die sekondêre snyvlak is dit ook nodig om van 'n setmaat gebruik te maak ten einde te verseker dat jy daarin slaag om altyd met dieselfde hoek te slyp. Dit gaan nie soseer oor 25^0 of 26^0 nie, maar wel om dieselfde hoek telkens te gebruik. Dit verseker dat jy vinnig die stomp gereedskap weer tot skerp kan bring, alvorens dit weer met die ***Tormek*** geslyp moet word.

Ek sit met 'n groot hoeveelheid spiraalbore wat ek oor die jare bekom het. Sommige hiervan, veral die groteres, het moontlik min gewerk en is nog heel bruikbaar. Daar is egter baie wat totaal onbruikbaar is weens die feit dat hulle so stomp is. Ek is dus in die mark om hierdie goed skerp te kry. Dit is dus ook te verstane dat ek met aandag geluister het toe Danie vir ons sy setmaat, om bore te slyp, gedemonstreer het. Vir my is dit 'n apparaat wat 'n mens verstom. Ek kan nie glo dat 'n boorpunt so goed geslyp kan word nie. (Daar is verduidelik dat die heel klein boortjies nie op hierdie masjien geslyp kan word nie. Almal het egter saamgestem dat hierdie klein boortjies eintlik weggooibaar goedkoop is en 'n mens nie moet bodder om hulle skerp te maak nie. Vir die groter bore is hierdie setmaat vir die ***Tormek*** egter 'n wenner.)

Danie wys hoe 'n skaaflem geslyp word

Die setmate om die finale vlak mee te slyp

Hier word boorpunte tot beter as nuut geslyp.

Werk deur van ons lede

Dit bekommer 'n mens soms dat dit wil lyk of ons lede nie soveel houtwerk doen as wat 'n mans graag sou wou hê nie. Ons verloor egter baie uit die oog dat van ons tog so in die agtergrond besig is om nie uitstalbare werk te doen. Ons kan moontlik van ***Tambotie*** gebruik maak om die goed wat ons agter die skerms maak onder mense se aandag te bring.

Om 'n voorbeeld vanbogenoemde gedagte te gee, is dit 'n plesier om vir julle 'n stuk werk, wat Dries du Toit gemaak het, te wys.

Dries se kleinkind se bed. (Dries het net die bed gemaak!)

Ek is bewus daarvan dat Dries 'n hele paar lesse uit hierdie poging geleer het. Een daarvan is dat spuitverf- afwerking moeiliker is as wat dit aanvanklik mag lyk. Geluk egter aan Dries met hierdie puik stukkie werk wat sy kinders seker nog lank sal waardeer.

Op dieselfde noot wil ek wys hoe 'n mens twee rugby uitsendings op TV tog nuttig kan gebruik.

Maak 'n nuwe mat vir 'n rusbank

Met die wêreldbeker eindstryd, en die eindstryd van die Curriebeker, moes ek ook die riempies, van die sitplek wat ek vir die bure moes maak, inryg. Hulle wou gelukkig wit rieme hê wat ek ewe maklik voor die TV kon inryg! So ek en Dries is darem nog besig met ander goed ook.

Laat my tog maar soortgelyke pogings van julself kry. Dit mag moontlik interessante lees- en kykstof vir ons lede wees. (Moontlik kan dit sommige ouens ook aanmoedig om ook iets te maak!)

New members

It is a pleasure to say hello to the following new members. We do hope that you will enjoy your membership with the Woodworking Association of Pretoria. Do not hesitate to get stuck in from the start.

- **Name; Milty Sauerman**

  Address: Plot 137, Lindley, Lanseria

  Telephone: 0737549121,0831136922

E-mail: milty@miltysacademy.com

Interest: Woodwork training.

- **Rose Sauerman**

  Particulars the same as for Milty, above

- **Frans Hefer**

  Address: 925 Ketting Street,
  Wingate Park.

  Telephone: 0123452556, 0829034228

  E-mail: rphefer@telkomsa.net

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149

E-pos: louwmarie@icon.co.za

Telefoon: 012 653 1874

Very Useful All purpose Worksheet (Conversions etc)

I am forwarding the above worksheet to all the e-mail addresses on my distribution list. I received it from Ben Espach a while back. It is a very comprehensive conversion tool to convert virtually any measurement. It will even balance your cheque book; keep record of your blood pressure and what not. (Unfortunately this is not available to snail mail)

The 21 st centuary

While we are talking about e-mail vs snail mail: Of the 116 members on our namelist, just over 92% are receiving Tambotie and correspondence by e-mail. (This figure can even be higher. At least 3 out of the 10 snail mail members receive their mail by post only by choice)